## 19 Februarie 2024 - Lesing 241 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Streef na 'n lewende geloof – 22/11/61

**NO: 8045** Elke mens moet daarna streef om 'n **lewende geloof** te verkry, want dan sal hy nooit kragteloos wees nie. Hy sal steeds sy toevlug neem tot My, in wie hy **lewendig glo** en voortdurend krag van My in ontvangs kan neem, want dit stroom na elke mens wat hom met My verbind in **gebed of innige gedagtes aan My**.

Maar vir 'n lewende geloof is 'n **lewe in liefde** nodig, want wie in liefde leef, trek My Self - die Liefde - na hom toe. En die een by wie Ek teenwoordig kan wees, twyfel ook nie meer aan My nie. Hy het 'n lewende geloof verkry en hy sal ook die band met My nie verbreek nie. **Hy sal nooit sonder krag wees nie** en dus ook niks hoef te vrees, wat hom ookal mag oorval nie.

‘n Lewende geloof is hoog aan te slaan, want die mens gaan sy weg nou nie meer alleen nie, maar onder **voortdurende leiding**, omdat Ek nie meer van hom af weggaan nie, want hy laat My teenwoordigheid in hom toe **deur die liefde**.

Die geloof in My is ook die deurstane wilsproef. Die mens het die terugweg na My aanvaar, want hy erken My, omdat hy andersins nie sou kon glo of sy geloof net 'n dooie geloof sou wees nie. Maar het sy geloof lewend geword deur die liefde, dan het daar ook al 'n verandering van wese by hom plaasgevind.

**Die liefde het in hom 'n lig aangesteek,** waarin hy My nou herken en nou ook nie anders kan as om **bewustelik op My af te stuur nie**, dan die aaneensluiting met My te soek wat hy eers opgegee het. Liefde en geloof is sonder mekaar ondenkbaar, **want die lewende geloof kom voort uit die liefde**. 'n **Geestelike kennis word as te ware 'n oortuiging**, wat nie bewys kan word nie, omdat die liefde helder lig skenk.

En eers die oortuigde geloof lewer vir die mens **krag** op, wat Ek hom nou kan laat toekom omdat Ek deur die liefde by hom aanwesig kan wees.

**Hoe rustig gaan 'n mens wat oor 'n oortuigde geloof beskik, nie sy weg oor die aarde nie**. Hy voel nooit verlate of swak nie. Hy weet Ek is in sy nabyheid. Hy kom met elke aangeleentheid na My toe en hy weet dat Ek hom elke versoek toestaan, wat hy in aardse of geestelike nood tot My rig.

'n Lewende geloof is waarlik kraggewend en daarom moet julle almal daarna streef om so 'n geloof te verkry. Dit bewys dan julle toenadering tot My, **julle wil om met My verbonde te wees**. Julle erken My en lê dus die wilsproef af ten behoewe waarvan julle op aarde is.

En dan kan Ek julle ook die lewe gee soos Ek dit beloof het: “*wie in My glo, sal ewig nie sterf nie*”. Solank julle nie in staat is om **in My te glo in die Mens JaHshua** wat die wêreld verlos het van sonde en dood nie, is julle nog 'n prooi van die dood.

Want solank herken julle My nog nie in JaHshua nie en solank is julle nog in die ban van die sonde. Solank is **julle gees nog verduister** en dit beteken steeds dat julle My julle erkenning ontsê, soos van weleer.

En uit hierdie duistere geestesgesteldheid sal julle julleself moet probeer losmaak. Julle sal julle wese weer tot liefde moet verander en julle sal dan ook by magte wees om in My te glo as julle God en Skepper, as julle Vader van ewigheid.

Julle sal spoedig probeer om die band tot stand te bring en dit sal in julle tot 'n vaste oortuiging word, omdat die liefde in julle - as julle haar laat binnestraal - julle groot opheldering sal gee.

En julle sal waarlik vanuit die dood tot die lewe ontwaak. Julle sal lewend in my teenwoordigheid glo **en Ek sal My dan ook aan julle openbaar**. Ek sal My aan julle bewys, omdat julle glo. Amein.

Mattheus 25

*1 DAN sal die Koninkryk van die Hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe **(siele)** geneem en uitgegaan het om die Bruidegom te ontmoet. [Psalm 45:15]*

*2 En vyf van hulle was wys **(lewende geloof)** en vyf dwaas **(dooie geloof).***

*3 En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie **(lewende liefdeswerke)** met hulle saamgeneem nie.*

*4 Maar die wyses het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem.*

*5 En terwyl die Bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.*

*6 En middernag **(eindtyd duisternis)** was daar 'n geroep: Daar kom die Bruidegom; gaan uit hom tegemoet!*

*7 Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed.*

*8 En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit.*

*9 Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liewer na die verkopers en koop vir julleself.*

*10 En onderwyl hulle gaan om te koop, het die Bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die Bruilof, en die deur is gesluit.*

*11 Later toe kom die ander maagde ook en sê: Meester, Meester, maak vir ons oop!*

*12 Maar hy antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, Ek ken julle nie.*

*13 Waak dan, omdat julle **die dag en die uur nie weet** waarop die Seun van die Adam kom nie.*